

## Sing vooraf staande: Psalm 19:4, 6 (p. 83)

- 4 Die HEER se heil'ge wet / is rein en onbesmet, / en sal die hart bekeer;  
sy woorde sal gewis / aan wie eenvoudig is, / die ware wysheid leer.  
Sy regte heerskappy / dié sal ons hart verbly / en onreg nooit gedoë;  
en wat sy wet berig / is suiwer soos die lig / wat afstraal op die oë.
- 6 Hoe word, deur U vermaan, / my weg 'n helder baan, / en my verwagting skoon!  
Hy wat u wet bemin, / die vind, o HEER, daarin / 'n groot genadeloon.  
Wie kan van voor af aan / sy dwalinge verstaan / en al wat hom ontbreek het?  
HEER, reinig U my tog / van sondes wat daar nog / diep in my hart bly steek het.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Psalm 97:1, 2, 7 (p. 484)

- 1 God heers as hoogste Heer; / die aarde moet Hom eer,  
en juig, saam met die strande / van afgeleë lande.  
Daar's wolkedonkerheid / rondom sy majesteit;  
sy rykstroon is gestig / op oordeel en gerig / en op geregtigheid.
- 2 'n Vlam van vuurigerig / wat voor sy aangesig  
ontbrand aan alle sye, / verteer sy teenpartye.  
Sy skerpe bliksemspeer / skiet op die aarde neer  
en straal na alle kant; / die aardryk sien die brand / en sidder vir die weer.
- 7 Gods vriend'like aangesig / straal vrolikheid en lig  
deur duisternis en smarte / vir alle opregte harte.  
Regverdiges, wees bly! / En sing 'n lied daarby!  
Verheug u in die Heer! / Lofsing sy Naam tot eer, / Hy's hoog en heilig, Hy!

## Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

## Psalm 130:1, 2 (p. 635)

- 1 Uit dieptes, gans verlore, / van redding ver vandaan,  
waar hoop se laaste spore / in wanhoop my vergaan;  
uit diep van donker nagte / roep ek, o HERE, hoor,  
en laat my jammerklagte / tog opklim in u oor!
- 2 As U, o HEER, die sonde / na reg wou gadeslaan,  
wie sou een enk'le stonde / voor U, o HEER, bestaan?  
Maar nee, daar is vergewing / altyd by U gewees;  
daarom word U met bewing / reg kinderlik gevrees.

Gebed

## Psalm 53:2, 3, 4 (p. 269)

- 1 Vermeette dwaas wat hoogwys spot, / sê in sy hart: "Daar is geen God"  
Hul dade is afskuw'lik, sleg / geeneen wat goed doen in sy weg.
- 2 God het die mens se werk betrag / uit hemelhoë en helder dag,  
of Hy ook by die mensekind / verstand mét ware Godsvrees vind.
- 3 Maar almal het tot groter kwaad, / in hul ontaarding, God verlaat;  
van almal is hul dade sleg, / geeneen wat goed doen in sy weg.

**Skriflesing:** Romeine 3:9-31; Heidelbergse Kategismus, Sondag 2:3-5

**Kernvers:** Romeine 3:20

**Daarom sal geen mens op grond van wetsonderhouding deur God vrygespreek word nie; inteeendeel, deur die wet leer 'n mens wat sonde is.** (Romeine 3:20 AFR83)

## Heidelbergse Kategismus

### **Vraag 3: Waaruit ken jy jou ellende?**

*Antwoord: Uit die wet van God (a).*

*(a) Rom 3:20.*

### **Vraag 4: Wat eis die wet van God van ons?**

*Antwoord: Dit leer Christus ons samevattend in Matteus 22:37-40: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelyk staan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete (a).*

*(a) Deut 6:5; Lev 19:18; Mark 12:30; Luk 10:27.*

### **Vraag 5 ; Kan jy dit alles ten volle nakom?**

*Antwoord: Nee (a), want ek is van nature geneig om God en my naaste te haat (b).*

*(a) Rom 3:10, 20, 23; 1 Joh 1:8, 10. (b) Rom 8:7; 2:3; Tit 3:3; Gen 6:5; 8:21; Jer 17:9; Rom 7:23.*

## **Tema: Ken jy jouself?**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, *byna die volle eindtotaal van ons wysheid, wat ons as die ware en grondige wysheid moet beskou, bestaan uit twee dele: kennis van God en kennis van onself* (Die Institusie van Calvyn 1.1.1). Met hierdie woorde begin Calvyn sy bekroonde Institusie van die Christelike godsdiens. Wanneer 'n mens God ken, weet jy wie Hy is, wat Hy doen, hoe om Hom reg te dien en wat sy wil is. Wanneer 'n mens jouself ken, weet jy waar jy voor God staan. Dan weet jy hoe naby jy as gelowige al op die geloofspad aan God gekom het of hoe ver jy nog van Hom af is op hierdie geloofspad. Om naby aan God te wees beteken ons het 'n persoonlike en intieme verhouding met God.

Nou is dit maklik vir die gelowige om te sê waar hy die kennis van God vandaan sal kry. 'n Mens leer God uit sy openbaring ken. Hy openbaar Homself deur sy werke in die natuur; dit is sy algemene openbaring. Maar as jy God nou regtig wil leer ken en wil agterkom hoe jy Hom moet dien en wat sy wil is, dan het jy die Bybel nodig. In die Bybel openbaar Hy Hom op 'n baie besondere wyse aan ons.

Maar kennis van God alleen is slegs een deel van die volle eindtotaal van ons wysheid. Die ander deel van ons wysheid is die kennis oor onself. En vanoggend wil ons juis by hierdie deel van ons wysheid stilstaan. En die vraag wat ons vir onself moet beantwoord, is die volgende: Ken jy jouself?

Vra 'n mens hierdie vraag aan enige mens, is ek daarvan oortuig dat die persoon jou so half vererg sal aankyk, want watter soort vraag is dit tog? Watter mens is daar wat hom nou nie self ken nie? Elke mens weet mos hoe en wie hy is. Elke mens kan sy goeie en slegte eienskappe opnoem. Dit is heeltemal waar. En tog sal elke mens hierdie goeie en slegte eienskappe so noem en beskryf dat hy vir homself en vir ander mense nie te onaardig voorkom nie.

Geliefdes, ook ons gelowiges sal hierdie vraag so beantwoord dat ons nie te onaangenaam vir onself en vir ander mense lyk nie. Maar die kennis wat ons al van God het, dwing ons onwillige verstand om onself nog beter vanuit die Skrif te leer ken. In die hele Skrif, van Genesis tot

Openbaring, hou die Here God vir ons die spieël voor ons oë sodat ons kan sien hoe ons werklik in die oë van die heilige God lyk. Om myself te ken soos wat ek my sien of graag wil sien, is nog nie ware en grondige wysheid nie. Dit is eers wanneer ons onself sien soos wat God ons sien, dat ons onself regtig leer ken. En om te luister en te sien hoe ons werklik in die oë van die heilige God lyk, is vir ons bitter swaar om te sluk. Veral vir ons moderne mense wat al soveel vermag het en al so baie goeie dinge gedoen het, is dit bitter swaar om te sluk.

Die moderne mense, en daarby sluit ek myself en ons almal in, wil eerder nadink oor hulle goeie vermoëns en seëninge. Ons wil nie graag insien hoe jammerlik gebrekkig en skandelik ons is nie. Die mens smag van nature daarna om met vleitaal gestreel te word. Die mens is gebore met 'n blinde selfliefde. Daarom oortuig hy homself graag dat daar niks afkeurenswaardig aan hom is nie.

Om ootmoedig te besef dat jy niks is en het nie, dat jy maar net 'n sondaar is, is vir ons moeilik. Dit is immers hoe ons in die spieël van die Skrif lyk, broer, suster en kind. 'n Kerkvader het dit in 'n preek nog skerper verwoord toe hy gesê het: *Niemand moet homself vlei nie; uit eie krag is 'n mens 'n Satan, maar die bron waaruit hy salig is, het hy slegs van God.* Jy het niks van jou eie nie behalwe die sonde. Vat daarom wat aan jou behoort, naamlik die sonde, want die geregtigheid behoort aan God.

Goed dan, sal iemand kan sê, ek is 'n sondaar. En baie maal sê ons maklik dat ons sondaars is. Dit word so maklik gesê dat dit lyk asof dit nou maar so is en ons niks daaraan kan doen nie. Dit lyk soms of ons al so gewoon geraak het aan die sonde dat ons nie eers meer sleg voel om 'n sondaar genoem te word nie, want ons besef nie hoe ernstig die sonde regtig is nie. Nee, Dominee, ons besef terdeë hoe ernstig die sonde is, sou iemand kon sê. Ons hoor dan gedurig die wet van die Here en daaruit leer ons tog wat sonde is. Ons het so pas in Romeine gelees: **deur die wet leer 'n mens wat sonde is** (Romeine 3:20 AFR83). En hier in ons Kategismus bely ons ook: **Uit die wet van God** ken ek my ellende.

Dit is waar, ons leer uit die wet wat sonde is. Ons sou immers nie geweet het dat begeer sonde is as die wet nie vir ons gesê het: **Jy mag nie begeer nie** (Romeine 7:7 AFR83). Maar is dit nie so dat ons graag die wet van die evangelie losmaak nie? Ons wikkell die Tien Gebooie los uit die Woord van die Here uit en skryf elkeen van die gebooie netjies ondermekaar en aan die regterkant van die bladsy maak ons plek sodat ons nou kan afmerk soos wat ons onself aan die wet toets. Dan kom ons maklik tot die gevolgtrekking: Nee, ek dien nie 'n ander god nie; ek dien die Here nie op 'n verkeerde manier nie; ek werk nie moedswillig op die Sondag nie; ek pleeg nie moord nie; ek steel nie; ek pleeg nie egbreuk nie; ensovoorts.

Geliefdes, wanneer ons onself op hierdie manier aan die wet van die Here toets, doen ons niks anders as wat die ryk jongman of die Fariseër in sy gebed gedoen het nie, soos wat Lukas dit vir ons neergeskryf het in Lukas 18. Ons maak die wet van die Here los van die evangelie en met ons selfvoldane gevolgtrekkings regverdig ons onself voor die Here. Ons sê dan gou-gou: Here, ons weet wat die sonde is, maar ek het nie een van hierdie verkeerde dinge gedoen wat U in die wet verbied nie.

Of iemand anders kan nog sê: Nee wag, ek kyk nie so oppervlakkig na my sonde nie. Wanneer ek tot die besef kom dat ek 'n sonde gedoen het, voel ek regtig sleg oor my misdaad. Dit is mos 'n bewys dat ons weet hoe erg die sonde regtig is, of hoe?

Broers, susters en kinders, in plaas daarvan om nog 'n klomp redenasies te voeg by dié wat ons reeds genoem het, laat ons eerder luister na God se Woord en na wat ons in Sondag 2 bely. Dan sal ons agterkom hoe ernstig die sonde werklik is en ons sal onself ken.

Die eerste saak waaraan ons aandag gee om te kan antwoord op die vraag: Ken jy jouself? is: Waaruit ken jy jou ellende? Dan bedoel ons met ken nie net ek weet ek is 'n sondaar nie, maar ek

weet hoe ernstig my sonde en ellende werklik is.

Op grond van Romeine 3:20 antwoord ons: **Ek ken my ellende uit die wet van God.** Maar nou weet ons al dat as jy die wet losmaak van die evangelie, loop jy die gevaar om jousef op grond van die wet voor God te regverdig. Om ons van hierdie gevaar te bewaar, rig die Heilige Gees ons oog op die evangelie. Hy laat ons die wet leer ken binne die raamwerk van die evangelie.

Luister hoe verkondig die Heilige Gees die evangelie aan ons by die aanvang van die Tien Gebooe:

**Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het.**  
(Eksodus 20:2 AFR83).

Dit is evangelie, geliefdes. Die verlossing van ons sondes deur God self, is die blye boodskap waarbinne ons die wet regtig leer ken. En verlossing of versoening met God vind nie sonder die storting van bloed plaas nie. Die paaslam se bloed het die Israeliete beskerm. En die twee kliptafels waarop die wet geskryf was, is onder die versoendeksel van die verbondsark geplaas. Op hierdie versoendeksel het die hoëpriester een maal elke jaar die bloed van die offerdier gesprinkel sodat daar versoening kon kom tussen God en sy volk en hulle vergifnis kon ontvang vir hulle sondes. Dit wil sê, 'n mens het slegs deur die bloed van die versoening toegang tot die wet.

Ons Kategismus bring ons ook daarby om raak te sien dat die wet nie van die evangelie geskei moet word nie. As daar gevra word: **Wat eis die wet van God van ons?** dan antwoord ons vanuit die evangelie wat Christus ons leer oor die wet. Dus, as ons onself wil ken en wil weet hoe ellendig ons is, kan ons nie by 'n oppervlakkige lees van die wet stilstaan nie. Ons moet die wet binne die raamwerk van die evangelie lees, soos wat God dit aan ons gegee het. Dan sal ons sien hoe ernstig die sonde werklik is.

So flussies het ons gesê dat ons nie oppervlakkig na ons sonde moet kyk nie. Ons voel regtig sleg oor ons sonde. Maar dit bring ons nog nie by die erns van die sonde uit nie. As ons wil weet hoe groot ons sonde en ellende is, moet ons luister hoe erg die sonde in die oë van God is en in die lewe van ons Verlosser geïllustreer word.

Wat eis die wet van God? Hoe wil God hê moet ons lewe om Hom te eer?

**Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. En jy moet jou naaste liefhê soos jousef.**  
(Matteus 22:37, 39 AFR83)

Hiermee en met niks minder nie is die Here ons God tevrede. Hy sê immers ook op 'n ander plek:

**Daar rus 'n vloek op elkeen wat nie stiptelik alles doen wat in die boek van die wet geskrywe staan nie.** (Galasiërs 3:10 AFR83)

Geliefdes, hierdie woorde is eenvoudig, duidelik en reguit. Ons kan die Here nie probeer tevrede stel met wat ons meen reg is nie. Hy sê self wat ons moet doen. Hy is absoluut en sy Woord is absoluut. Ons kan nie daaraan peuter sodat dit ons kan pas nie. Hy sê:

**Wees heilig, want Ek die Here jou God is heilig.** (Levitikus 19:2 AFR83)

Wanneer Hy in Levitikus sy wet aan Israel leer en wanneer Jesus oor die liefde praat, sê Hy:

**Wees julle dan volmaak, soos julle hemelse Vader volmaak is.**  
(Matteus 5:48 AFR83).

Met minder as hierdie absolute bevel, is God nie tevrede nie.

Dan word daar ook nog vir ons gevra: **Kan jy dit alles ten volle nakom?** Kan jy die wet volmaak gehoorsaam? Kan jy God honderd persent liefhê soos Hy eis? Kan jy jou naaste liefhê soos jouself? Geliefdes, as die Heilige Gees ons lei om die wet binne die raamwerk van die evangelie reg te verstaan, moet ons op dié vrae antwoord: **Nee**, ek kan nie! **Ek is van nature geneig om God en my naaste te haat.** Ek is, soos wat Paulus dit geskryf het in Romeine 3 (samevattend): Ek is onregverdig, onverstandig, eiewillig, ontaard, sleg, 'n bedrieër, 'n leuenaar, 'n kwaadprater, 'n moordenaar, 'n verwoester. Ek is aan die wet gehoorsaam net solank dit my pas. Van die volkome liefde teenoor God en my naaste kom daar niks tereg nie.

Wanneer die Gees ons tot hierdie besef gebring het deur die wet en die evangelie, dryf Hy ons na Christus. Hy dryf ons na Christus, nie om in die eerste plek as verlostes aan Hom vas te gryp nie, maar om eerste as vervloektes by die kruis te kom neerbuig. Jesus, die Seun van God wat mens geword het, is die enigste een onder die mense wat volkome erns met die wet van God gemaak het. Om die wil van sy Vader te doen, is sy kos. Hy het God se wet vervul soos wat God bedoel het dit gedoen moet word. Maar daarmee alleen het Hy ons nie verlos nie.

Die Vader het sy eie geliefde Seun, wat sonder sonde is, 'n sondaar gemaak. Hy het al ons sonde en ongeregtigheid op Hom laat afkom. Hy het 'n vervloekte voor God geword, want Hy het aan 'n houtpaal gehang om God se volle toorn oor die sonde van die hele menslike geslag te dra. Ons sonde en ellende is so erg dat God, in plaas daarvan om die sonde oor die hoof te sien, sy eie Seun daarvoor gestraf het. Geliefde gemeente, dit is hoe erg ons sonde in die oë van die Vader is. Met niks minder as die ontsettende dood van Christus as betaling vir ons sondeskuld is die Vader tevrede nie.

Christus se hele lewe was 'n lewe van smart en pyn. Oral waar Hy gegaan en gekom het, het Hy die pyn en smart van die sonde aan sy eie liggaam en siel ervaar. Hy het trane gestort in priesterlike bewoënheid oor die sonde van die mens, want dit is nie hoe sy Vader wou hê die mens moes wees nie. Omdat ons sonde en ellende verskriklik erg is, het Hy gebuk gegaan onder bange pyn en helse smart. Hy het in die tuin van Getsemane bloed gesweet oor ons sondes. Wil jy weet hoe erg jou sonde werklik is, wil jy jouself ken, luister hoe Christus aan die kruis uitroep:

**My God, my God, waarom het U My verlaat?** (Matteus 27:46 AFR83).

Dit is immers wat vervloek wees regtig inhou. Dit is om geheel en al van God verlaat te wees – om in plaas van God se seënende hand en liefdevolle oë net sy toorn en woede oor die sonde te voel.

Geliefdes, Christus in sy vernederde staat is die lewende illustrasie van ons ellende. Dit is juis by die kruis waar die verskriklikheid van ons sonde aan ons geopenbaar word. Net die offer van Christus se lewe, sy kruisdood, kan vir ons die versoening bewerkstellig.

Dus, liewe broers, susters en kinders, as ons die volle blydschap en vreugde van die blye boodskap as verlostes wil beleef, moet ons eers as vervloektes by die kruis van Christus kom staan. En om as 'n vervloekte by die kruis te kom staan is dit nodig dat ons onself leer ken deur die wet binne die raamwerk van die evangelie. Dan eers ken ons onself soos ons as ellendige sondaars in die oë van die heilige God lyk.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 25:3, 8 (p. 116)

- 3 Dink aan my in mededoë / as ek biddend voor u pleit;  
milde hande, vriend'like<sup>oë</sup> / is by U van ewigheid.  
Dink nie aan die sondes meer / van 'n yd'le jonkheidslewe;  
wil tog, om u goedheid, HEER, / ál my sondes my vergewe!
- 8 O my God, ontferm U oor my / in my diepe ongeluk;  
eensaam is ek – o verhoor my! – / gans ellendig en in druk.  
Om my heen, aan alle kant, / is die skrik van duisend dode;  
laat dan, HEER, u regterhand / my verlos uit al my node.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
28 Julie 2013